

HOOFSTUK 7

NORMALE ONTWIKKELINGSPROBLEME WAT VERBAND HOU MET DIE VREES VIR VERWERPING DEUR DIE GROEP

7.1 INLEIDING

In hoofstuk 6 is daar gekyk na dood as 'n lewenskrisis asook kinders se reaksie op dood. Vier boeke is geëvalueer aan die hand van kriteria vir die keuring van leesstof soos geformuleer in afdeling 4.3.

Hierdie hoofstuk behandel normale ontwikkelingsprobleme wat verband hou met die vrees vir verwerping deur die groep. Aandag sal geskenk word aan die invloed van ontwikkeling van kinders op hul aanvaarding deur die groep en omgekeerd. Die wyse waarop hulp aan kinders verleen kan word, sal aangedui word met besondere verwysing na biblioterapie. Spesifieke riglyne vir die keuring van boeke in die geval van vrees vir verwerping deur die groep sal geformuleer word. Ten slotte sal vier boeke wat handel oor die vrees vir verwerping deur die groep geëvalueer word aan die hand van kriteria vir die keuring van leesstof soos aangedui in afdeling 4.3.

7.2 VREES VIR VERWERPING DEUR DIE GROEP

Vir kinders in hul middelkinderjare is dit belangrik om deel te wees van en aanvaar te word deur die groep (Stutterheim & Kroon 1991:186).

Die belangrikheid van die groep neem gedurende die middelkinderjare sterk toe omdat kinders met formele onderrig begin. Die skool vorm sodoende 'n belangrike milieu vir kinders se verhouding met die groep. In vandag se skole is probleme met die groep, veral tydens pouse, egter algemeen en onvermydelik. Navorsing wat Beth Doll (Doll & Doll 1997: 101) met 'n graad 4-klas gedoen het, toon byvoorbeeld dat klasmaats weier om met vier persent van hule mede-leerders te speel gedurende pouse. Hierdie tendens is ook aangetref in ander skole en gemeenskappe.

Verwerping deur die groep is dus vir sommige kinders 'n werklikheid. Dit kan vir kinders 'n baie traumatiese ondervinding wees omdat hulle so 'n sterk behoefte het om te behoort. Die skryfster Zibby Oneal (1987:165) vertel in 'n artikel dat sy vir die karakter Carrie in *The language of the goldfish* 'n wêreld geskep het waarin sy gevoel het dat sy nie 'n plek het nie. Vanweë die geïsoleerdheid word Carrie dan so desperaat dat sy probeer om selfmoord te pleeg. Die verhaal illustreer dat kinders 'n baie sterk behoefte het om aanvaar te word en te behoort – deel te wees van 'n groep.

7.3 ONTWIKKELING VAN KINDERS

Die behoefte om deel te wees van 'n groep en deur hul aanvaar te word, hang ten nouste saam met die ontwikkeling van kinders.

Gedurende die middelkinderjare ontwikkel kinders se belangstellings, waardes, houdings, selfbegrip en algemene vermoëns aansienlik. Hierdie ontwikkeling oefen 'n sterk invloed uit op kinders se behoefte om deel te wees van 'n groep en hul aanvaarding deur die groep (Stutterheim & Kroon 1991:186).

Nie alleen beïnvloed die ontwikkeling van kinders hul aanvaarding deur die groep nie, maar die aanvaarding deur die groep kan ook die normale ontwikkeling van kinders beïnvloed. Dit is vir die normale ontwikkeling van kinders belangrik om sekere ontwikkelingsstake te bemeester in elke ontwikkelingsstadium. Alhoewel dit normale ontwikkelingsstake is, is dit vir kinders moeilik om dit te bemeester en kan dit lei tot spanning. Van die ontwikkelingsstake wat van belang is in die middelkinderjare sluit ten nouste aan by die aanvaarding deur die groep, naamlik:

- ontwikkeling van sensitiwiteit vir ander
- bewustheid van betrokkenheid by die samelewing
- groter selfkennis vanweë betrokkenheid by portuurgroep
- ontwikkeling van sosiale waarneming.

Indien kinders nie daarin slaag om ontwikkelingstake te bemeester nie, kan dit daartoe lei dat hulle later sukkel om ten volle te ontwikkel (Stutterheim & Kroon 1991:186; Doll & Doll 1997:28).

Die ontwikkeling van kinders en die aanvaarding deur die groep is dus ten nouste verweef. Verskillende areas van ontwikkeling kan onderskei word.

7.3.1 Intellektuele ontwikkeling van kinders

Soos in afdeling 2.2.2.1 gemeld word, bevind kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar hul volgens Piaget in die konkreet-operasionele fase. Die vlak van selfontwikkeling wat kinders nou betree het 'n groot invloed op hulle aanvaarding deur die groep, want hul is nou in staat om hul verbintenis met ander beter te verstaan en om beter te kommunikeer. Hierdie verbetering in hul kommunikasievaardighede kan daaraan toegeskryf word dat hulle 'n groot deel van hul dag in die skool deurbring. Hul taalgebruik en woordeskat verbeter drasties (Du Toit & Kruger 1991:114; Louw *et al* 1991:331; Sutherland & Arbuthnot 1991:24-28). Kinders beskik nou gaandeweg oor 'n groot genoeg woordeskat sodat hulle oor hul standpunte, gevoelens, en belangstellings kan praat. Ontwikkeling in hulle woordeskat en denkvaardighede stel hulle ook in staat om konflik te hanteer en kompromieë aan te gaan.

Die vermoë om kompromieë aan te gaan, gaan ook hand-aan-hand met die verandering wat daar nou in hul denke plaasvind. Egosentrisme begin nou afneem en hul besef nie alleen dat mense van mekaar verskil nie, maar is ook in staat om hulle in 'n ander se posisie te plaas. Hulle kan nou 'n ander se standpunt insien en deur samespreking hul eie standpunt verander (Louw *et al* 1991:332; Bukatko & Daehler 1998:260). Hierdie vermoë maak dit vir kinders makliker om deel te wees van 'n groep. 'n Gebrek aan die vaardigheid om oor hulle belangstellings te praat, kan veroorsaak dat die groep hulle verwerp. Om deel te wees van 'n groep vereis immers ook dat ander se standpunt erken en ten minste gerespekteer moet word.

7.3.2 Fisiese ontwikkeling van kinders

Fisiese ontwikkeling van kinders kan 'n beduidende invloed uitoefen op hul aanvaarding deur die groep, want hul voorkoms bepaal dikwels hoe ander teenoor hul optree (Bukatko & Daehler 1998:144–148). Alhoewel die fisiese ontwikkeling van kinders plaasvind volgens 'n redelike voorspelbare patroon kom daar veral in die middelkinderjare groot individuele verskille voor. Die verskille kan 'n groot bron van verleentheid vir kinders wees, want die goedkeuring van die groep is nou immers baie belangrik. Kinders met 'n gemiddelde liggaamsbou word gewoonlik makliker in 'n groep aanvaar en koester positiewe gevoelens oor hulself. Kinders se liggaamsbou het dan ook 'n groot invloed oor hoe hulle hulself beleef en hoe ander teenoor hul optree (Du Toit & Kruger 1991:109; Lefrançois 1992:442).

7.3.3 Affektiewe ontwikkeling van kinders

Soos in afdeling 2.2.2.3 bespreek, handel affektiewe ontwikkeling oor die gevoelslewe van kinders. Vir kinders in die middelkinderjare is daar veral twee aspekte van belang:

- aanleer van vaardighede;
- die groep.

Kinders in die middelkinderjare begin nie alleen om 'n verskeidenheid van emosies te eien nie, maar hulle kan ook hul emosies beheer en wegsteek. Hulle lê dus nou groter selfbeheersing aan die dag en kan hul emosies so rig dat hulle hul doelstelling (aanvaarding deur die groep) kan bereik. Hulle besef ook nou dat die openbaring van hul emosies moet wees volgens die vereistes van die groep (Du Toit & Kruger 1991:120-123). Hierdie eienskap is baie belangrik vir aanvaarding deur die groep, want die groep neig om weg te skram van diegene wat te emosioneel reageer. Ter wille van aanvaarding deur die groep sal kinders soms hul ware gevoelens wegsteek.

'n Verdere belangrike affektiewe ontwikkeling gesien in die lig van aanvaarding deur die groep, is dat kinders nou minder egosentries word en toenemend sensitief word vir gevoelens en behoeftes van ander (Louw *et al* 1991:363). Vir aanvaarding deur die groep is dit immers belangrik vir die kind om te besef dat die aarde nie net rondom homself draai nie.

7.3.4 Sosiale ontwikkeling van kinders

Sosiale ontwikkeling van kinders het hoofsaaklik te doen met hul verhoudings met ander mense. Vir kinders in die middelkinderjare is daar veral twee verhoudings wat belangrik is:

- verhouding met ouers;
- verhouding met groep.

Gedurende die middelkinderjare neem die belangrikheid van die verhouding met die groep geleidelik toe. Dit kan onder andere daaraan toegeskryf word dat kinders nou begin skoolgaan. Die verhouding met die groep is veral vir kinders belangrik, want hul beleef binne hul groep aanvaarding en erkenning (Du Toit & Kruger 1991:61-64).

7.4 ROL VAN DIE GROEP

Groepe word normaalweg gevorm deur kinders wat bykans dieselfde vermoëns, belangstellings, sosiale en ekonomiese agtergrond het. Kinders vorm gewoonlik groepe met diegene wat bykans dieselfde sosiale status as hulle binne skoolverband geniet. Die struktuur en samestelling van groepe verander egter soos hulle ouer word. Dit wil voorkom asof die groepe soos volg daar uitsien: vanaf ongeveer vyf tot nege jaar is kinders geneig om twees-groepies te vorm; kinders van ongeveer nege tot twaalf jaar hou van groter groepe terwyl adolessente voorkeur verleen aan kleiner groepies (Salisbury & Palombaro 1998:81; Wilkin 1978:92).

Die groep bied verskeie voordele aan kinders, maar hou ook nadele in.

7.4.1 Voordele van aanvaarding deur die groep

Gedurende die middelkinderjare word die groep toenemend al hoe belangriker omdat kinders nou begin skoolgaan. Die groep bied verskeie voordele aan kinders in die middelkinderjare waarvan die volgende veral belangrik is.

7.4.1.1 Emosionele funksie

Die groep vervul 'n belangrike emosionele funksie, want dit bied aan kinders die geleentheid om emosionele steun en sekuriteit te kry. Goedkeuring en steun deur die groep word ook gedurende die middelkinderjare al hoe belangriker as die steun of herkenning deur volwassenes (Schultheis 1972:46; Salisbury & Palombaro 1998:81).

Die emosionele bande wat kinders met die groep vorm, maak hul minder afhanklik van hul ouers (Wilkin 1978:92). Dit is belangrik vir die emosionele en sosiale ontwikkeling van kinders dat hul kontak met die groep moet maak en hulself geleidelik moet kan losmaak van hul ouers.

7.4.1.2 Sosiale norme

Die groep bied aan kinders die geleentheid om sosiale norme aan te leer. Binne die groep leer kinders hoe om op te tree teenoor hul portuur in verskeie situasies: leierskap, volgeling, oorheersing en vriendskap (Mussen *et al* 1974:514-515). Kinders wat deur die groep aanvaar word, vorder sosiaal gewoonlik vinniger vanweë die waarde van groeppreaksie (Wilkin 1978:91).

7.4.1.3 Voorsien in behoeftes om te behoort en geliefd te voel

Dit is een van die belangrikste funksies van die groep, want kinders het 'n sterk behoefte om te behoort en geliefd te voel. Die groep gee kinders 'n geleentheid om deel te wees van 'n groep wat hul belangstellings deel en waar hulle as gelykes aanvaar word (Mussen *et al* 1974:520).

7.4.1.4 Positiewe selfbeeld

Die groep bied ook aan kinders 'n geleentheid om 'n realistiese beeld te kry van hulself – veral deur die groep se reaksie en die gronde waarop hulle aanvaar of verwerp word (Mussen *et al* 1974:514-515).

Aanvaarding deur die groep het 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van 'n gesonde selfbeeld. Die wete dat ander sekere eienskappe van hul genoeg waardeer om met hulle 'n groepsidentiteit te deel, kan 'n uiters positiewe invloed uitoefen op kinders se selfbeeld (Furman & Robbins 1985:45).

7.4.2 Nadele van verwerping deur die groep

Daar is ook diegene wat deur die groep verwerp word. Dit kan uiters nadelig wees vir die kinders se ontwikkeling.

Om nie deur die groep aanvaar te word nie, is vir kinders baie moeilik om te verwerk. Hierdie verwerping kan negatiewe gevolge hê.

7.4.2.1 Spanning

Die verwerping van kinders deur die groep kan aanleiding gee tot spanning by kinders. Dit is belangrik dat die probleme wat spanning veroorsaak hanteer word, want dit beïnvloed die kinders se ontwikkeling, veral hul sosialisering (Olsen 1975:422).

7.4.2.2 *Onttrekking*

Kinders wat nie deur die groep aanvaar word nie, kan hulle onttrek van alle aktiwiteite (Schultheis 1972:46). Dit kan die kinders se ontwikkeling negatief beïnvloed.

7.4.2.3 *Onaanvaarbare gedrag*

Kinders probeer dikwels vergoed vir verwerping met onaanvaarbare gedrag. Hulle kan byvoorbeeld vyandig word teenoor hul groep of hulle kan plaasvervangende vriendskappe sluit met volwassenes, denkbeeldige karakters of troeteldiere. Seuns wat deur die groep verwerp word, kan fisies meer aggressiewe gedrag toon as ander kinders (Erwin 1993:92). Dit kan gebeur dat hulle vanweë die gebrek aan sosiale interaksie stadiger ontwikkel. Omdat hulle nie gereed is om kontak met kinders van hul ouderdomsgroep te maak nie, kan dit selfs gebeur dat hulle nie deur 'n normale adolessente periode gaan nie. Die adolessente persoonlikheid word dan gekenmerk deur problematiese simptome, byvoorbeeld eensaamheid en aggressie (Wilkin 1978:91-92).

7.4.2.4 *Selfbejammering*

Kinders wat nooit die bevrediging van waardering en aanvaarding aanvaar nie, ontwikkel dikwels gevoelens van oordrewe selfbejammering (Schultheis 1972:46).

7.4.2.5 *Langtermyngevolge*

Probleme met aanvaarding deur die groep kan langtermyngevolge hê soos werkloosheid, maar veral uiters stadige vordering in die werksituasie tot gevolg hê (Doll & Doll 1997:101). Dit is veral in die huidige werksituasie belangrik om te kan netwerk en in 'n span te kan saamwerk. Diegene wat hul aan die groep onttrek en wie se sosiale vaardighede nie ten volle ontwikkel het nie, kan maklik sukkel om te vorder.

7.5 HULP AAN KINDERS MET VREES VIR VERWERPING

Vir die totale ontwikkeling van kinders is dit baie belangrik dat hulle geleentheid moet hê om deur die groep aanvaar te word en deel te wees van 'n groep. Dit is dus uiters belangrik om hulp aan kinders te bied met hul vrees vir verwerping deur die groep. Die waarde van sodanige hulp lê dikwels daarin dat dit voorkomend verskaf word.

7.5.1 Sosiale vaardighede

Daar kan gepoog word om kinders te help wat deur die groep verwerp word deur hulle sosiale vaardighede aan te leer. Dit kan daartoe aanleiding gee dat hulle deur die groep aanvaar word. Dit is egter nie nodig om te wag met die aanleer van sosiale vaardighede totdat daar 'n probleem opduik nie. Kinders se gedrag kan voorkomend verander en beïnvloed word.

Erwin (1993:199-240) wys op verskillende tegnieke wat gebruik kan word om vir kinders die nodige sosiale vaardighede aan te leer. Dit kan gedoen word deur geleidelik die kinders se gedrag te verander in die begeerde gedrag. 'n Ander moontlikheid is om 'n studie te maak van die gedrag van ander of om 'n bepaalde vaardigheid te oefen.

Wanneer 'n studie gemaak word van die gedrag van kinders moet daar gekyk word na die eienskappe en gedrag van sowel gewilde as ongewilde kinders. Gewilde kinders is gewoonlik vriendelik teenoor ander, relatief nie-aggressief en ondersteunend. Ongewilde kinders daarenteen is gewoonlik humeurig, argumenterend, aggressief, krities, onvriendelik, pla ander terwyl hulle werk en is baasspelerig. Gedrag van gewilde kinders moet aangeleer of aangemoedig word terwyl die gedrag van ongewilde kinders ontmoedig moet word (Erwin 1993:85-91). Goleman (1995:123-124) wys byvoorbeeld daarop dat daar 'n reuse verskil is tussen gedrag van gewilde kinders wat deel wil wees van 'n groep en ongewilde kinders. Ongewilde kinders sal probeer om met druk deel te word van die groep en sal gou die spel probeer oorneem en

met ander stry terwyl gewildes eers deeglik sal seker maak van aanvaarding en hoe die groep werk voordat hulle enige voorstelle sal maak.

Kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar kan so 'n studie onderneem van ander se gedrag, want hulle is in staat om hulle in die posisie van ander in te dink. Hulle kan dus verstaan hoe ander behandel wil word en kan hul gedrag daarby aanpas. Dit is nou vanweë hul intellektuele, sosiale, en affektiewe ontwikkeling moontlik om hulle te leer om gedrag van gewilde kinders na te boots. Hulle behoort ook ontvanklik te wees vir 'n bespreking van eienskappe van gewilde kinders, want vanweë hul intellektuele ontwikkeling is hulle nou in staat om hul eie standpunt te wysig. Hul woordeskat en uitdrukkingsvermoë verbeter voorts byna daaglik vanweë formele onderrig en dit behoort by te dra tot die sinvolheid van die bespreking.

Dit is ook in die ouderdomsgroep moontlik om hul emosies te beheer en weg te steek. Dit behoort dus moontlik te wees om hulle aan te moedig om sekere emosies nie te openbaar nie. Kinders in die groep word ook minder egosentries en meer sensitief vir ander se behoeftes en gevoelens. Dit is dus moontlik om hulle te oorreed om ander se behoeftes en belangstellings bo hulle eie te stel.

Diegene wat deel vorm van 'n groep ondersteun nie net mekaar nie, maar hulle deel ook mekaar se belangstellings (Salisbury & Palombaro 1998:82). Kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar se belangstellings is universeel – byna enige iets kan hulle aandag trek en behou. Kinders wat deur die groep verwerp word, kan gehelp word om belangstellings te bekom waarin ander geïnteresseerd sal wees en wat hulle dan met ander kan deel of oor kan gesels. Kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar se motoriese vaardighede ontwikkel ook geweldig vinnig. Hulle geniet dit om aan aktiwiteite deel te neem wat fisiese vaardighede vereis. Kinders kan dus aangemoedig word om onder andere te leer swem, skopfietsry, skaatsplankry en sport te beoefen.

7.5.2 Versterking van positiewe eienskappe

Kinders se verhouding met hul ouers dien as verwysingsraamwerk vir hul verhouding met ander. Dit is baie belangrik dat kinders binne hierdie verhouding aanvaarding moet beleef. Ouers moet egter 'n stap verder gaan en nie alleen hul kinders aanvaar soos hulle is nie, maar ter wille van die vorming van verhoudings buite gesinsverband moet hulle ook die positiewe eienskappe van kinders versterk deur dit te beklemtoon en en die kinders te prys vir hulle optrede. Dit kan kinders help om vertroue in hulself te bekom en bereid te wees om emosionele bande buite gesinsverband te vorm.

Dit is nie net ouers wat 'n belangrike rol kan speel in die versterking van positiewe eienskappe van kinders nie, maar ook alle ander volwassenes in wie die kinders vertroue het en wat deel is van hul dag. Dit is veral belangrik om dit wat hulle bemeester voor hul portuurgroep te erken. Wanneer kinders hul gevoelens van verleentheid en minderwaardigheid voor hul klasmaats oorwin, bekom hulle selfrespek (Schultheis 1972:46).

7.5.3 Rol van biblioterapie

Kinders ervaar vandag baie emosionele en sosiale probleme wat hul ontwikkeling beïnvloed. Biblioterapie kan nie alleen ingespan word as metode om emosionele en sosiale probleme te hanteer nie, maar ook as vertrekpunt vir gesonde, sosiale groei. King (1995:100) verwys dan ook na die voorkomende gebruik van biblioterapie. Dit is veral belangrik vir normale ontwikkelingsprobleme, byvoorbeeld vrees vir verwerping deur die groep. Daar kan voorkomend opgetree word deur te praat oor probleme op 'n ouderdom vroeër as wat kinders die probleme behoort te ondervind of net sodra die probleme waargeneem word.

7.5.3.1 Bevorder selfbegrip

Verhale kan daartoe bydra dat kinders hulself beter verstaan. Deur die lees van verhale kry hulle groter insig in hulself en hul eie gedrag. Dit is 'n

belangrike aspek van kinders se verhouding met ander, want dit is as te ware 'n voorvereiste dat mense hulself moet ken en liefhê voordat hulle ander kan verstaan en liefhê (Hynes & Hynes-Berry 1986:24-30). Selfbegrip kan 'n waardevolle bydrae maak om die vrees vir verwerping deur die groep en die werklike verwerping te hanteer.

7.5.3.2 *Bevorder begrip van die groep*

Verhale kan kinders help om nie net hulself beter te verstaan nie, maar ook om die groep te verstaan. Aangesien verhale kinders help om die groep te verstaan, kan dit daartoe bydra dat kinders se optrede teenoor die groep verander. Hierdie veranderende optrede word veroorsaak omdat verhale kinders help om 'n groter sensitiwiteit vir ander te ontwikkel. Dit kan lei tot groter insig in verhoudings met ander. Sodoende sal kinders die werkinge van die groep beter verstaan en dus beter in staat wees om òf die verwerping te hanteer òf hul sal weet hoe om die groep te hanteer (Doll & Doll 1997:8; Hynes & Hynes-Berry 1986:24-35).

7.5.3.3 *Emosionele katarsis*

Verhale bied aan kinders die geleentheid om bevry te word van emosionele spanning deurdat hulle die gevoelens ervaar van die karakters waaroor hulle lees (Doll & Doll 1997:8). Dit help kinders dus om ontslae te raak van spanning wat veroorsaak word deur die vrees dat die groep hulle nie sal ervaar nie.

7.5.3.4 *Geleenthede vir gedeelde belangstellings*

Bespreking van verhale kan daartoe lei dat gemeenskaplike belangstellings ontdek word. Dit kan dus vir kinders die deur oopmaak tot die groep. Dit kan ook dien as 'n aanduiding van dit waarin die groep belangstel. Die lees van verhale kan selfs 'n gedeelde belangstelling word.

7.5.3.5 *Karakters as rolmodelle vir die aanleer van sosiale vaardighede*

Die verskillende karakters in verhale kan dien as rolmodelle vir die aanleer van sosiale vaardighede wat kinders nodig het. Karakters wat probleme takel met optrede, byvoorbeeld deur die risiko om ander kinders uit te nooi om te kom speel, te neem, kan nageboots word deur kinders wat soortgelyke probleme ondervind. Kinders kan soortgelyke situasies ook rolspel as voorkomende optrede. Moontlike oplossings moet dan deel uitmaak van die rolspel. Gesprekke tussen fiktiewe karakters, in moeilike sosiale situasies, kan dien as teks vir kinders om te rolspel. Hulle kan dan die teks uitbrei of verander. Sodoende kry kinders dan nou die geleentheid om oplossings te toets. Dit is veral geskik vir kinders wat sukkel met aanvaarding deur die groep, want dit gee hul iets om te probeer (Doll & Doll 1997:55; Lundsteen 1972:511).

Daar is egter ook gevare verbonde aan die gebruik van kinders as rolmodelle. Kinders kan identifiseer met ongesonde karakters. Dit is ook moontlik dat die insig wat hul bekom verwronge kan wees en dus net die probleem vererger.

7.5.3.6 *Bron van inligting*

Verhale kan veral 'n bron van inligting wees vir kinders as hul probleme ervaar wat hul anders maak as die groep (Doll & Doll 1997:9).

Verhale kan kinders se ervaringsveld verbreed. Lundsteen (1972:512) wys byvoorbeeld daarop dat "The poorest human in the world is he who is limited to his own experiences – he who does not have access to literature". Verhale bied aan kinders die geleentheid om uit te breek uit die beperkings van die kennis en ervaring van kinders. Hul sal deur die lees van verhale gelei kan word om buite hulself te soek vir oplossings vir hul probleme.

7.5.3.7 *Verbreek isolasie*

Deur die lees van verhale kan kinders besef dat hulle nie die enigstes is wat probleme met die groep ervaar nie. Die verhale kan dus die gevoel van isolasie wat kinders ondervind, verlig (Hynes & Hynes–Berry 1986:33).

7.6 KEURING VAN BOEKE VIR KINDERS WAT VERWERPING VREES

Dit is belangrik om kinders se ontwikkeling, persoonlikhede en leesvoorkeure in ag te neem by die keuring van boeke.

7.6.1 Bekendheid met boek

Wanneer biblioterapie ingespan word om kinders te help met die verwerking van hul vrees dat die groep hulle sal verwerp, is dit baie belangrik dat die keurder vertrouwd sal wees met die inhoud van die boek. Woorde of situasies in die verhale kan immers gebruik word vir rolspel om 'n oplossing te soek vir hul probleme. Die keurder moet veral seker maak dat die oplossing realisties is en dat die karakters rolmodelle sal wees waarmee die betrokke lesers kan identifiseer.

'n Verhaal wat nie gepas is vir die kinders nie of lynreg bots met hul omstandighede kan verwarring skep en spanning en vrees by die kinders laat toeneem. Dit is dus uiters noodsaaklik dat die keurder die verhaal deeglik sal bestudeer.

7.6.2 Chronologiese ouderdom van kinders

Aangesien die intellektuele, sosiale en emosionele ontwikkeling van kinders so 'n geweldige impak het op die wyse waarop hulle die groep benader, is dit belangrik dat die chronologiese ouderdom van kinders in gedagte gehou moet word. Die chronologiese ouderdom gee immers 'n aanduiding van die vlak van ontwikkeling wat die keurders te wagte kan wees.

Kinders in die ouderdomsgroep se woordeskat neem byvoorbeeld met rasse skrede toe, want hulle het nou met formele onderrig begin. Dit sal dus belangrik wees om vas te stel wat hul leesbegrip en leesvermoë is.

Die ouderdom van die hoofkarakters moet ook ter wille van identifisering rofweg ooreenstem met die ouderdom van die kind. Die ouderdom van die hoofkarakter is ook belangrik omdat dit die wyse waarop die probleem hanteer word, beïnvloed.

7.6.3 Hantering van probleem

Die nuttigste verhaale is dië wat aan kinders 'n manier bied om hul probleem te hanteer of te oorwin (Pardeck & Pardeck 1984a:52). Die karakters moet òf hul probleme oorwin òf hul moet 'n manier vind om daarmee saam te leef (Schultheis 1972:46). Dit is egter baie belangrik dat die verhaale aan kinders hoop sal bied.

7.6.4 Karakters

Lesers moet met die karakters kan identifiseer. Daarom moet die karakters lewensgetrou en volledig wees om hulle te oortuig dat hulle nie alleen is nie (Schultheis 1972:29).

7.6.5 Oorvereenvoudigde oplossing

Dit kan gebeur dat die boek 'n oorvereenvoudigde oplossing voorstel. Hierteen moet gewaak word, want sodra sò 'n oplossing nie werk nie, kan dit meebring dat kinders moed opgee en nie verdere oplossings soek vir hul probleme nie (Doll & Doll 1997:58).

7.7 EVALUERING VAN BOEKE VOLGENS KEURINGSKRITERIA

Die volgende boeke gaan nou bespreek word aan die hand van die keuringsriglyne wat in afdeling 4.3 bespreek is:

- *Glubbslyme* (Wilson 1995b)
- *Iggie's house* (Blume 1970)
- *Double act* (Wilson 1995a)
- *Wonder* (Vail 1991)

7.7.1 *Glubbslyme*

Die boek *Glubbslyme* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 7.1 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Wilson, Jacqueline
Titel	<i>Glubbslyme</i>
Uitgewer	Corgi Yearling
Datum van uitgawe	1995
ISBN-nommer	0-440-86231-0
Aantal bladsye	172
Reeks	Die boek is nie deel van 'n reeks nie.
Formaat	Sagteband
Ouderdom van leser	±9 tot 10 jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad 3 tot 4
Tema	Aanvaarding deur groep
Opsomming	'n Lighartige verhaal oor 'n buitengewone vriendskap tussen Rebecca en Glubbslyme, 'n padda met toorkrag. Hulle het ontmoet toe Rebecca vir Sarah en Mandy na die sogenaamde hekse-dammetjie geneem het in 'n poging om deel te word van die groep. Die poging misluk klaaglik, maar sy ontmoet vir Glubbslyme wat haar moontlik kan help om van Mandy ontslae te raak sodat sy en Sarah weer maats kan wees.
Beperkings	Woordeskat van padda, Glubbslyme, is redelik gevorderd.
Uitstaande kenmerk	Rebecca se besondere verbeeldingryke spel.
Probleme waarvoor geskik	Aanvaarding deur groep Enkelouer

Die verhaal *Glubbslyme* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 7.2 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Geskik vir diegene wat hou van fantasieverhale. Die huidige belangstelling in die Harry Potter-reeks kan daartoe bydra dat die verhaal byvind vind by kinders.
Rol van tema	Die verhaal kan troos bied aan kinders wat hul skielik op hul eie bevind omdat die groep hul eenkant toe gestoot het. Dit kan ook gebruik word om te beklemtoon dat alleentyd en eie belangstellings belangrik is.
Eksplisiet	Die toorkrag van die padda dra daartoe by dat die tema nie eksplisiet gestel word nie. Die tema is bloot daar.
Didakties	Daar is geen sprake van 'n prekerige toon waar die skrywer probeer om die leser 'n les te leer nie.
Oorheersend	Alhoewel die verwerping deur die groep 'n belangrike rol in die verhaal speel, oorheers dit nie die tema nie.
Meer as een tema	Die verhaal handel ook oor enkelouerskap en die gepaardgaande probleme, byvoorbeeld Rebecca wat alleen moet bly gedurende skoolvakansies.
Universeel	Alhoewel Rebecca se emosies tot die lesers behoort te spreek, is die ervaring met Glubbslyme buitengewoon. Sommige lesers kan sukkel om daarmee te identifiseer.
Positief	Die verhaal bied hoop omdat daar 'n einde gemaak word aan die onmin tussen die dogters.
Realisme	Hierdie is 'n fantasieverhaal. Glubbslyme is immers 'n pratende padda met toorkrag.
KARAKTERS	
Ouderdom	Dit word nie aangedui nie.
Geloofwaardigheid	Rebecca se stryd om goeie gedagtes oor Mandy te koester, verleen geloofwaardigheid aan die verhaal.
Hantering van probleem	Alhoewel Rebecca haar probleem op 'n unieke manier hanteer, is daar verskeie tonele wat met groot vrug gebruik kan word vir rolspel om sodoende aan lesers te wys dat probleme op verskeie maniere hanteer kan word. So kan kinders die toneel in die park waar Rebecca probeer om Sarah se belangstelling in die heksedam te wek, rolspeel. Hul kan byvoorbeeld probeer om ander oplossings as die dam te vind om vir Rebecca deel te maak van die groep. Die toneel waar Rebecca en Mandy met My little ponies speel, kan byvoorbeeld gebruik word vir die aanleer van sosiale vaardighede. Rebecca besef dat sy volgens Mandy se reëls moet speel al stem sy nie saam nie. Kinders kan die toneel rolspeel met verskillende wyses van optrede vir Rebecca (Wilson 1995:162-164).
INTRIGE	Die gebeure in die verhaal volg logies opmekaar. Probleme wat Rebecca ervaar kom sterk na vore.
MILIEU	Dit is 'n moderne verhaal wat in die stad afspeel.
VERTELLER	Derdepersoonverteller.
PERSPEKTIEF	Die verhaal word vertel vanuit die perspektief van 'n kind.
STYL	Toeganklik, maar Glubbslyme se woorskakel kan probleme oplewer. Hy gebruik woorde wat nie deel vorm van 9- tot 10-jariges se woordeskat nie: "I could no longer languish in solitude".
TOON	Die skryfster spreek die goeie sowel as die slegte aan in die verhaal.
HUMOR	Die skryfster hanteer die probleme wat Rebecca ervaar op 'n sensitiewe dog humoristiese wyse.
EINDE	Die einde vloei natuurlik voort uit die gebeure. Rebecca het 'n einde gemaak aan die onmin deur bloot weer 'n slag na Sarah se huis te gaan. Haar pa se voorstel om saam koekies te bak het ook wonderlik uitgewerk en gehelp om 'n gedeelte van die middag 'n sukses te maak.

7.7.2 Iggie's house

Die verhaal *Iggie's house* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

TABEL 7.3 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Blume, Judy
Titel	<i>Iggie's house</i>
Uitgewer	Macmillan
Datum van uitgawe	1970
ISBN-nommer	0-330-26682-9
Aantal bladsye	110
Reeks	Die verhaal is nie deel van 'n reeks nie.
Formaat	Sagteband
Ouderdom van leser	± 9 tot ± 11 jaar
Geslag	Manlik of vroulik
Leesvlak	Graad 4 tot 6
Tema	Aanvaarding deur groep
Opsomming	Dit is die verhaal van die 11-jarige Winnie wie se beste maat, Iggie, na Tokio verhuis het en hul huis aan 'n swart gesin, die Garbers, verkoop het. Winnie probeer om hul tuis te laat voel, maar dit is 'n opdraande stryd, want die Garbers is die enigste swart gesin in hul woonbuurt. Nie alleen bied sommige bure weerstand nie, maar die kinders moet ook van sekere voorafopgestelde idees ontslae raak.
Beperkings	Daar is geen ooglopende beperkings nie.
Uitstaande kenmerke	Die verhaal spreek verskeie aktuele kwessies aan, byvoorbeeld die opstande in Detroit. Dit kan, veral in ons huidige situasie in Suid-Afrika, die geleentheid bied om aan die leerders meer te vertel omtrent die menseregtebeweging in Amerika.
Probleme waarvoor dit geskik is	Vooroordele Rassisme Menseregte

Die verhaal *Iggie's house* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 7.4 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Dit is veral geskik vir kinders wat oor die kleurgrens heen hul plek moet vind in hul groep.
Rol van tema	Die tema lê veral klem op die onkunde van groepe oor mekaar. Sowel Winnie as die Garber-kindere, openbaar onkunde en onrealistiese verwagtings. Winnie het aanvanklik verwag dat hulle anders en spesiaal moet wees, maar geleidelik het sy tot die besef gekom dat hulle net kinders is.
Eksplisiet	Alhoewel die tema die verhaal oorheers, maak die lesers hul eie afleidings oor byvoorbeeld menseregte en vooroordele.
Didakties	Die verhaal bied waardevolle insigte in mense se optrede. Winnie se ma wys haar byvoorbeeld daarop dat sy daarvan hou om te baklei vir 'n saak, terwyl haar ouers daarvan hou om sake hul gang te laat gaan. Mense verskil en reageer verskillend. Die verhaal is nie prekerig nie.
Oorheersend	Ten spyte van die eksplisiete tema is dit steeds 'n storie wat vlot lees.
Meer as een tema	Die verhaal kan lei tot besprekings oor vooroordele, rassisme, en menseregte. Die toneel waar haar eertydse sweminstrukteur vir Winnie daarop wys dat Iggie haar uitkyk verbreed het, kan lei tot 'n bespreking van vooroordele en vaslouten ten alle koste aan die bekende. Hy sê byvoorbeeld: "Give her another point of view. The way Iggie did for you."
Universeel	Die gevoelens wat Winnie ervaar, is opreg en dit is maklik om daarmee te identifiseer.
Positief	Die oplossing vir die Garbers se dilemma is nie soetsappig of onrealisties nie, maar positief en hoopvol. Klem word veral daarop gelê dat dinge geleidelik verander. Dit word ook beklemtoon dat sommige mense nie bereid is om hul siening te verander nie: die Landons trek eerder as om saam met 'n swart gesin in dieselfde woonbuurt te bly.
Realisme	Die verhaal is gegrond in die werklikheid. Handel oor probleme wat mense werklik ervaar.
KARAKTERS	
Ouderdom	Die hoofkarakter, Winnie, is 11 jaar oud. Glen Garber is 11 jaar oud en sy sussie, Tina is 8.
Geloofwaardigheid	Winnie, sowel as die Garber-kindere, is geloofwaardig. Die opmerkings wat hul maak wanneer hul gekonfronteer word met mevrou Landonse bevooroordeeldheid dra baie daartoe by om van hul geloofwaardige karakters te maak. Glen: "She doesn't even know us." Winnie: "We're not all like that" (Blume 1970:63-64).
Hantering van probleem	Die verskillende sienings van die Garber-broers oor die petisie wat mevrou Landon opgestel het om van hulle ontslae te raak, kan by uitstek gebruik word om kinders te laat rolspeel. Sodoende sal die lesers groter insig kry in die hantering van hul eie probleme, soos om hul nie toegelaat word om deel te wees van die groep nie.
INTRIGE	In die verhaal word Winnie beïnvloed deur dit wat gebeur en beïnvloed sy die gebeure deur dit wat sy glo reg is. Konflik kom sterk na vore vanweë die uiteenlopende sienings van mevrou Landon en Winnie. Dit behoort vir die leser maklik te wees om ooreenkomste te sien tussen die situasies waarin die karakters hul bevind en hul eie.
MILIEU	Moderne verhaal.
VERTELLER	Derdepersoonverteller.
PERSPEKTIEF	Daar dit 'n derdepersoonverteller is, word die verhaal vertel vanuit meer as een persoon se perspektief.
STYL	Verhaal is toeganklik. Die woordeskat is gepas vir kinders van ongeveer 9 tot 11 jaar.
TOON	Die skryfster skryf uiters simpatiek oor die probleme van die Garber-kindere.
HUMOR	Die verhaal het sy ligte oomblikke.
EINDE	Die einde gee nie skielik 'n feëverhaal oplossing waar almal mekaar aanvaar en oor-en-weer kuier nie. Dit bied egter hoop omdat die Garbers besluit om te bly en die meeste gesinne in die buurt nie wegtrek nie. Die lesers word veral gelaat met die wete dat daar nog gewerk moet word aan die aanvaarding van die kindere deur die groep, maar die hoop kom sterk na vore in die wete dat dit wel moontlik is.

7.7.3 *Double act*

Die verhaal *Double act* gaan nou ontleed word aan die hand van algemene kriteria vir leesstof soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 7.5 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Wilson, Jacqueline
Titel	<i>Double act</i>
Uitgewer	Corgi Yearling
Datum van uitgawe	1996
ISBN-nommer	9-780440-863342
Aantal bladsye	188
Reeks	Die verhaal is nie deel van 'n reeks nie.
Formaat	Sagteband
Ouderdom van leser	± 9 tot ± 10 jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad 4 tot 6
Tema	Verwerping deur groep
Opsomming	Dit is die verhaal van die 10-jarige tweeling, Ruby en Garnet, wat hul ma op 7-jarige ouderdom verloor het. Hul pa trou met Rose en besluit om 'n tweedehandse boekwinkel op die platteland te open. Die tweeling moet nie alleen by 'n nuwe ma aanpas nie, maar ook by 'n nuwe omgewing en maats. Hulle doen gewoonlik alles saam, maar hul wêreld verander baie vinnig en elkeen moet uiteindelik leer om op haar eie voete te staan. Die verhaal word om die beurt deur die tweeling vertel.
Beperkings	Geen opvallende beperkings nie.
Uitstaande kenmerke	Heerlike verwysings na ander verhale wat lesers se belangstelling behoort te prikkel. Indien die verhaal aan 'n groep voorgelees word, kan dit lei tot gedeelde belangstelling.
Probleme waarvoor dit geskik is	Dood Stiefma Nuwe skool Enkelouer Verhuising

Die verhaal *Double act* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 7.6 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Die verhaal is veral geskik vir diegene wat by 'n nuwe omgewing en groep moet aanpas.
Rol van tema	Lê veral klem op die kontras tussen die tweeling. Garnet wil-wil nuwe vriende maak, maar Ruby dwing haar as te ware om dit tot niet te maak.
Eksplisiet	Die verhaal handel oor meer as een tema. Die tema verwerping of aanvaarding deur die groep word dus self deur die leser ontdek.
Didakties	Die verhaal is geensins prekerig nie. Daar dit vanuit twee mense se perspektief vertel word, kry die leser 'n geheelbeeld wat 'n les of boodskap oordra sonder om prekerig te wees.
Oorheersend	Die tema oorheers nie die verhaal nie. Dit vorm 'n natuurlike deel van die storie.
Meer as een tema	Die verhaal kan ook gebruik word vir diegene wat moet aanpas by 'n stiefma en of 'n nuwe groep.
Universeel	Ruby en Garnet is 'n identiese tweeling, maar hul persoonlikhede verskil hemelsbreed. Dit is dus maklik om met of Ruby of Garnet se persoonlikheid te identifiseer.
Positief	Elk van die tweeling vind uiteindelik haar plek en 'n eie groep. Dit word op 'n realistiese manier bereik en behoort aan die lesers hoop te bied.
Realisme	Baie realisties, want dit is 'n eerlike, opregte verhaal gegrond op die werklikheid.
KARAKTERS	
Ouderdom	Die hoofkarakters, Ruby en Garnet, is 10 jaar oud.
Geloofwaardigheid	Die kontras tussen die tweeling Ruby (ekstrovert) en Garnet (introvert) dra baie daartoe by om die karakters lewensgetrou te maak.
Hantering van probleem	Die wyse waarop Ruby vir Garnet as te ware dwing om haar nuutgevonde vriendskap met Judy te vernietig, kan in rolspel gebruik word om 'n alternatiewe oplossing te vind (Wilson 1996:72-75). Die uiteindelik vind van hul eie wêreld deur elk van die tweeling behoort aan lesers die geleentheid te bied om te besef dat almal uniek is en dat wat vir een persoon reg is 'n ander totaal ongelukkig sal maak. Die gedagte kom ook sterk deur dat 'n mens 'n ander persoon nie kan dwing om soos jy te wees en te dink nie.
INTRIGE	Die verhaal beeld die verandering wat die tweeling ondergaan uitstekend uit.
MILIEU	Moderne verhaal wat in die stad en op die platteland afspeel.
VERTELLER	Eerstepersoonvertellers.
PERSPEKTIEF	Die verhaal word beurtelings vertel vanuit die perspektief van die tweeling. Garnet se vertelling word onderskei deur dit kursief te druk.
STYL	Die skryfster skryf die verhaal op so 'n wyse dat die lesers dit maklik kan verstaan. Die woordeskat is gepas vir 10-jariges.
TOON	Die skryfster skryf met begrip oor die probleme wat die tweeling ervaar as hul pa weer trou en na die platteland verhuis.
HUMOR	Verhaal word vertel op 'n lewendige humoristiese wyse. Die humoristiese sketse deur twee verskillende illustreerdes dra by om die verhaal te vertel. Sketse herinner sterk aan die verhaal <i>Daddy-long-legs</i> deur Jean Webster.
EINDE	Die einde bied hoop, want die leser kom saam met Ruby tot die gevolgtrekking dat 'n mens vriende kan maak al verskil mense totaal en al-selvs daar waar 'n mens vroër gedink het dat vriendskap onmoontlik is. Die boodskap kom ook sterk deur dat 'n mens ander moet toelaat om hulself te wees, want elkeen is op sy unieke manier belangrik. Vriendskap is dikwels ook werkbaar omdat elk doen wat hul geniet en vry voel om dit nadië vriendskap te bring.

7.7.4 Wonder

Die verhaal *Wonder* gaan nou bespreek word aan die hand van algemene kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 7.7 Algemene keuringskriteria vir leesstof

Outeur	Vail, Rachel
Titel	<i>Wonder</i>
Uitgewer	Mammoth
Datum van uitgawe	1991
ISBN-nommer	0-7497-1679-7
Aantal bladsye	133
Reeks	Die verhaal behoort nie aan 'n reeks nie.
Formaat	Sagteband
Ouderdom van leser	± 11 tot ± 13 jaar
Geslag	Vroulik
Leesvlak	Graad vyf tot agt
Tema	Aanvaarding deur groep
Opsomming	'n Uitstekende, humoristiese verhaal van die 12-jarige Jessica wat op die eerste dag van graad sewe uitvind dat haar beste maat gedurende die vakansie deel geword het van 'n eksklusiewe groep. Sonder waarskuwing word Jessica nou 'n uitgeworpene. Haar blinkoog afwagting oor die nuwe skool word nou omskep in totale verslaentheid. Op 'n humoristiese, maar empatiese wyse vertel die skryfster van Jessica se stryd om oorlewing.
Beperkings	Die verhaal is net geskik vir dogters.
Uitstaande kenmerke	Die verhaal wys daarop dat 'n groep 'n beperkte leeftyd kan hê. Die groep is nie altyd reg of wat dit voorgee om te wees nie. Die prys om deel te wees van 'n groep is soms te hoog om te betaal. Daar word ook baie goeie raad in die verhaal verskaf.
Probleme waarvoor dit geskik is	Aanvaarding deur die groep Grootword Vriendskap

Die verhaal *Wonder* gaan nou ontleed word aan die hand van literêre kriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Tabel 7.8 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	Die verhaal is by uitstek geskik vir rolspel en om 'n bespreking aan die gang te sit oor verwerping deur die groep. Die kinders kan byvoorbeeld luister na 'n voorlesing van bladsy 9 wat 'n uitstekende bespreking is van hoe Jessica gevoel het toe sy besef het dat sy nou, in haar eie oë, 'n sosiaal uitgeworpene is. Hulle kan nou vertel hoe hulle dit ervaar het. Die tema van die verhaal leen hom ook by uitstek tot rolspel - dit kan veral voorkomend gebruik word. Kinders kan byvoorbeeld gekonfronteer word met die probleem van wat om te doen tydens langpouse en hoe om te reageer op partytjie-uitnodigings. Kinders kan ook 'n ander slot rolspel.
Rol van tema	Die verhaal illustreer baie goed waarom dit vir kinders so belangrik is om deel te wees van 'n groep. Jessica vat dit baie goed saam as sy sê: "Last year I was popular. Maybe not the most popular girl at Rand Elementary School, but reasonably popular. I didn't have to worry that nobody'd show up for my birthday party and I always knew I'd have somebody to sit with at lunch..." (Vail 1991:1-2).
Eksplisiet	Die tema word nie geïmpliseer nie. Dit word baie eksplisiet gestel.
Didakties	Geen sprake daarvan nie. Die verhaal probeer nie om te preek of te sê hoe sy behoort op te tree nie.
Oorheersend	Glad nie. Die verhaal is 'n greep uit die lewe van 'n 12-jarige.
Meer as een tema	Die verhaal kan ook gebruik word om die verhouding met die teenoorgestelde geslag te bespreek.
Universeel	Die verhaal is universeel, want die emosies en ervarings van die leser behoort tot alle 12-jariges te spreek. Hul behoort daarmee te kan identifiseer.
Positief	Die verhaal se einde en die wyse waarop Jessica haar probleme hanteer, behoort aan die lesers hoop te gee.
Realisme	Die verhaal speel in die hede af. Dit is 'n opregte, eerlike verhaal wat nie preek of probeer om inligting oor te dra nie.
KARAKTERS	
Onderdom	Die hoofkarakter Jessica is 12.
Geloofwaardigheid	Jessica se gedagtes en optrede maak van haar 'n geloofwaardige karakter. Die verwardheid van 11- en 12-jariges word baie goed uitgebeeld.
Hantering van probleem	Jessica moet allerlei probleme die hoof bied: Die wyse waarop sy 'n oplossing vind vir haar bynaam, Wonder, staan veral uit vanweë die knapheid en geloofwaardigheid daarvan. Ten einde raad pak Jessica alles by haar ma uit. Haar ma sê nie vir haar wat om te doen nie, maar gee uitstekende raad as sy haar daarop wys dat sy moet sorg dat sy trots is op dit wat sy doen.
INTRIGE	
	Die intrige is spanningsvol en geloofwaardig. Jessica groei as te ware gedurende die verhaal. Die probleem wat sy ervaar dwing die leser om aan te hou lees veral omdat dit so werklik is en die oplossings geloofwaardig is en dinge nie altyd seepglad verloop nie.
MILIEU	
	Die verhaal speel hoofsaaklik in die skool af. Dit staan bekend as Junior high (graad sewe tot nege).
VERTELLER	
	Eerstepersoonverteller.
PERSPEKTIEF	
	Die verhaal word vertel vanuit Jessica se perspektief. Dit is haar emosies en gevoelens wat weergegee word.
STYL	
	Die styl is toeganklik, want die woordeskate stem ooreen met die van 'n 12-jarige.
TOON	
	Pas by die tema. Die skryfster skryf eerlik en met simpatie oor die probleme wat Jessica ervaar.
HUMOR	
	Baie humoristies.
EINDE	
	Dit is 'n hoopvolle einde wat voortvloei uit die gebeure. Geensins soetsappig of onrealisties nie. Opvallend is die puik wyse waarop die kortstondige leeftyd van die groep aangetoon word.

7.8 SAMEVATTING

In hoofstuk 7 is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die groep vir kinders in die middelkinderjare al hoe belangriker word, omdat hul nou begin met formele onderrig. Verwerping deur die groep is 'n werklikheid vir sommige kinders en kan 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van kinders uitoefen.

Dit is vir kinders voordelig om deel te wees van die groep. Daar moet hulp verleen word aan kinders wat deur die groep verwerp word. Dit is nie net belangrik vanweë hul selfbeeld nie, maar ook vanweë die langtermyngevolge van verwerping deur die groep.

Die hulp wat aan kinders gebied word, kan veral waardevol wees as dit voorkomend geskied. Boeke kan 'n belangrike rol speel om hulp aan kinders te bied. Dit kan nie alleen die gevoel van isolasie verbreek nie, maar kan ook 'n moontlike oplossing verskaf. Voorkomend kan dit gebruik word om oplossings te rolspeel.

By die keuse van boeke is dit belangrik dat die keurder deeglik vertrouwd sal wees met die inhoud van die boeke om te verseker dat die oplossings nie oorvereenvoudig is nie en dat dit lewensgetroue karakters is waarmee die lesers kan identifiseer.

Die evaluering van die boek *Glubbslyme* deur Jacqueline Wilson (1995b) is waardevol omdat *Glubbslyme* 'n towerpadda is. Dit behoort by kinders aanklank te vind omdat reeksverhale soos Harry Potter en Narnia tans baie gewild is onder kinders. Die verhaal leen hom ook by uitstek tot rolspeel as 'n wyse van probleemhantering.

Die evaluering van die boek *Iggie's house* deur Judy Blume (1970) toon aan dat boeke 'n groot rol kan speel in aanvaarding oor die kleurgrense heen. Die verhaal gee aan die leser hoop sonder om onrealistiese verwagtings te skep. Dit laat ook die leser met die wete dat as een persoon of groep hom verwerp daar altyd ander sal wees wat anders sal wees.

Die evaluering van die boek *Double act* deur Jacqueline Wilson (1995a) is waardevol omdat meer as een probleem (aanvaarding deur groep, stiefma, dood, enkelouer) op 'n humoristiese wyse hanteer word. Die waarde van die verhaal word ook verhoog omdat dit om-die-beurt vertel word deur die introvert, Garnet, en die ekstrovert, Ruby. Die gesukkel om aan te pas by 'n nuwe groep word dus as te ware van albei kante belig.

Die evaluering van die boek *Wonder* (Vail 1991) is veral waardevol omdat dit klem lê op die belangrikheid van die groep vir kinders. Dit dra ook baie duidelik die boodskap oor dat die leeftyd van die groep nie vir altyd is nie en dat die groep nie noodwendig altyd reg en regverdig optree nie.

Hoofstuk 8 handel oor normale ontwikkelingsprobleme wat verband hou met die vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede. Aandag sal geskenk word aan die invloed van ontwikkeling op die vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede en omgekeerd. Die wyse waarop hulp aan kinders verleen kan word, sal bespreek word met spesiale verwysing na die biblioterapeutiese prosesse. Spesiale riglyne vir die keuring van boeke vir kinders wat die aanleer van nuwe vaardighede vrees, sal onderskei word. Vier boeke wat oor die vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede handel, sal geëvalueer word aan die hand van die kriteria vir die keuring van leesstof soos aangedui in afdeling 4.3.